

## 'N TERUGBLIK EN PERSPEKTIEWE IN VERBAND MET GESKIEDENISHANDBOEKE IN ONS MIDDELBARE SKOLE

### 1. *Die handboek*

Die handboek is en bly voorlopig nog die belangrikste hulpmiddel by die geskiedenisonderrig in ons middelbare skole en deur kaarte en illustrasies (persone, gebeurtenisse) steek ons hedendaagse handboek gunstig af by sy voorganger van 'n halwe eeu of meer gelede.

Die handboek is gebaseer op die vereistes van die provinsiale of landswye leerplan, waarin *riglyne* verstrekkend word, bepaalde onderdele meer beklemtoon word as ander, die arbeidsveld in vaderlandse- en wêreldgeskiedenis verdeel word, e.d.m.

Binne die raamwerk van die leerplan neem ons, behalwe *riglyne*, ook *beperkings* waar.

Hulle staan, behalwe met die doelstellings en afbakening van die leerplan, o.m. ook in verband met die bevattingsvermoëns van die leerlinge in die agtereenvolgende standers.

In dié middelbare skole wat onder die sorg van die Transvaalse Onderwysdepartement val, is, kragtens die beginsels van differensiasie, 'n verdere poging aangewend om die leerstof by die verstandelike peil van die leerlinge aan te pas. Veral met betrekking tot die C-baanleerlinge lei die uitvoering van dié beginsel tot verdere beperking en verder deurgevoerde beknopteheid.

Meer beperkings vloei voort uit eise t.o.v. lesure vir die ander vakke, die vasgestelde aantal skoolure per week, e.d.m.

In baie opsigte kom al hierdie beperkings 'n vak soos geskiedenis, wat van al die vakke in die middelbare skool ongetwyfeld die naaste aan die lewe staan, nie ten goede nie.

Van die bekende Nederlandse kultuurhistorikus, prof. dr. J. Huizinga, is die uitspraak afkomstig dat beknopte geskiedenis geen geskiedenis is nie, maar op sy beste leerstof vir onderwysdoeleindes. Geskiedenis, aldus prof. Huizinga, moet boeiend wees en om aan dié vereiste te kan voldoen is 'n sekere mate van uitvoerigheid nodig wat die skoolhandboek nie altyd kan gee nie.<sup>1</sup>

In die lig van bogenoemde uitspraak het skrywers van handboeke vir geskiedenisonderrig aan ons middelbare skole dan ook altyd te worstel met wat prof. Huizinga as die *vormgewing* bestempel. Dit is 'n moeilike taak. *Beknopteheid en beperking is gebiedend en tog moet die geskiedenisonderrig ten spyte daarvan sy maksimale hoeveelheid doeltreffendheid behou, moet dit vrugdraend bly.*

1. J. Huizinga: *Over vormverandering der geschiedenis*. Gepubliseer in *Mededeelingen der Nederlandsche Akademie van Wetenschappen*, Afd. Letterkunde, nuwe reeks, deel 4, nr. 3, bl. 15. Amsterdam, 1941.

## 2. Die onderwyser

Die taak van die geskiedenisonderwyser is om leiding te gee en sy leerlinge te besiel. Is hy altyd in staat om die inherente tekortkomings van die handboek op suksesvolle wyse te oorbrug? Beskik hy oor voldoende tyd en geleentheid om te lei en die noodsaaklike belangstelling op die vereiste peil te hou?

Maar al te dikwels staar 'n bykans onmoontlike taak hom in die gesig!

Kry hy, binne die raamwerk van sy lesure, voldoende geleentheid om ideale ten opsigte van sy vakonderrig ten volle te kan verwesenlik? Word aan hom voldoende geleentheid gebied om sy gewete en sy integriteit as student en opvoeder tevrede te stel? Is hy in staat om, binne die tyd-bepierking wat aan hom opgelê is, sy leerlinge dié rasonale en universele uitkyk te gee wat so 'n essensiële deel van sy verantwoordelikhede as opvoeder vorm?

Kry hy voldoende tyd vir besinning oor die tydgenootlike geskiedenis? Swaar druk die verantwoordelikhede op die skouers van die konsensieuse geskiedenisonderwyser wat slegs ten dele die tekortkomings van die handboek kan aanvul.<sup>2</sup>

Hierdie toestand van sake is ongewens. *Ons insiens is dit aan te beveel dat sowel aan ons universiteite as aan ons onderwyskolleges gedurende vakansies opknappings- en aanvullingskursusse gereël word om geskiedenis- onderwysers o.m. in te lig oor die jongste resultate aangaande navorsings- werk en waardevolle historiese en kultuurhistoriese publikasies.*

## 3. Die skrywer van handboeke en die rigtings en stromings in die S.A. geskiedskrywing

Ons keer terug na die samesteller van geskiedenis-handboeke. 'n Groot deel van sy stof is ontleen aan geskiedkundige publikasies wat op hulle beurt in die teken van rigtings en stromings in ons geskiedskrywing staan.

Prof. F. A. van Jaarsveld<sup>3</sup> het dié rigtings en stromings soos volg ingedeel:

(i) Geskiedskrywing uit die koloniale standpunt waarin die Britse kolonies as 'n verlengstuk van die Britse Moederland gesien is.

(ii) Die imperiale geskiedskrywing, m.a.w. dié van die Britse gesags-uitbreiding in die 19de eeu.

(iii) Geskiedskrywing uit die standpunt van die Boererepublieke.

(iv) Die wetenskaplike benadering van die geskiedenis in Suid-Afrika (in Afrikaans of Engels) wat omstreeks die Eerste Wêreldoorlog en daarna sy verskyning gemaak het.

2. F. A. van Jaarsveld: *History Teaching and Responsibility* soos verskyn in *The Transvaal Educational News*. Johannesburg, April 1959, bl. 6. Aanvullende opmerking deur skrywer.

3. Idem: *Ou en Nuwe Weë in die Suid-Afrikaanse Geskiedskrywing* in Mededelings. Universiteit van Suid-Afrika, A.16, Pretoria, 1961.

(v) Die nuwe benadering van die verlede soos dit na die Tweede Wêreldoorlog deur Afrikaans- en Engelssprekende navorsers en skrywers begin opbloeï het, gepaard gaande met die verskyning van geskiedkundige werke deur die Bantoe.

Dit spreek vanself dat hierdie rigtings en stromings hul spore in ons handboeke nagelaat het en nog steeds nalaat en dit is verheugend dat daar alhoemeer stemme opgaan om in ons Suid-Afrikaanse geskiedskrywing tot waarlik vaderlandse geskiedskrywing te kom. Hieronder verstaan ons die geskiedskrywing waarin al die bevolkingsgroepe wat 'n rol gespeel het en nog speel in die opbou van ons land, op regmatige wyse beskryf en belig moet word.<sup>4</sup>

#### 4. *Persoonlike standpunte*

Persoonlike standpunte van skrywers beïnvloed, behalwe die bogenoemde faktore, ook ons handboeke.

Ons het willekeurig 'n aantal handboeke nagegaan en gee 'n onvolledige oorsig in dié verband.

Theal het in die voorwoord van sy *Compendium of South African History and Geography*<sup>5</sup> o.m. nadruk gelê op sy strewe om feite noukeurig en beknopt weer te gee. Hy het hom ook beywer om veral die geestelike en stoflike vooruitgang te beklemtoon.

In 1891 het H. B. Sidwell<sup>6</sup> t.o.v. resente gebeurtenisse verklaar: „These events, important as they undoubtedly are, are pregnant with far reaching issues, belong rather to the domain of politics than to that of history; and in this country, at all events, with the smouldering ashes of race hostility not yet cold, to politics the school-room door should be firmly barred.”

Volgens D. Aitton<sup>7</sup> moes die leerlinge die ontstaan en groei van die volksplanting ken. Dit geld ook vir dié gedeeltes van die wêreldgeskiedenis wat onmiskenbare invloede op die karaktervorming van die voorouers (godsdienst, vryheid) uitgeoefen het. Hy het ook die waarde van vaderlandsliefde en die voortsetting van die tradisies van die voorgeslag deur die leerlinge beklemtoon op grond van kennis van die vaderlandse geskiedenis. Van Aitton is ook die volgende beskouing afkomstig: Eendrag is gewens en is moontlik wanneer almal, van watter afkoms ookal, Suid-Afrika nie alleen as hulle land van tydelike inwoning beskou nie, maar as hulle vaderland,<sup>8</sup> aldus Aitton.

Met betrekking tot die studie van die verlede het Aitton ten slotte verklaar dat die jeug besiel moet word met die gees wat hulle voorouers onder soveel moeilikhede staande gehou het.

4. F. A. van Jaarsveld e.a.: *Geïllustreerde Geskiedenis vir Senior Sertifikaat*. Sts. IX en X, Johannesburg, 1959, bl. 255.

5. Lovedale, 1876.

6. In: *The Story of South Africa*, Kaapstad, 1895. Bl. V-VI.

7. In: *Leesboek over Geschiedenis voor de Scholen in de Zuid-Afrikaansche Republiek*, Amsterdam, 1892. Ook in: *Geskiedenis van Zuid-Afrika*, Amsterdam, 1897. Inleiding, bl. viii en ix.

8. Die tweede werk, bl. 324.

Hierdie standpunt is verwerp deur C. D. Hope<sup>9</sup> wat wel van mening was dat die geskiedenis bestudeer moes word om openbare aangeleenthede te verstaan, maar verder van oordeel was dat dit beter vir die geluk van die volk sou wees dat „All historical knowledge should suddenly cease, than that the past should be treasured as a museum of grievances.”

Ten opsigte van kontemporêre geskiedenis het Hope verklaar: „History deal with the past, and must leave the public platform for the proper home in the class-room.” In die klaskamer moes geskiedenis onderrig word ooreenkomstig die gees van die Konvensie, naamlik om mekaar wedersyds te leer eerbiedig en te verdra.

Dan moes die Suid-Afrikaanse geskiedenis in verband gebring word met die wêreldgeskiedenis. Volgens Hope sou daar dan geen gevaar bestaan nie dat „the picture being obscured by a distorted foreground of racial controversy.”<sup>10</sup>

Prof. S. F. N. Gie<sup>11</sup> het die vaderlandse geskiedenis hoofsaaklik as die geskiedenis van die Europese beskawing in ons land gesien. Volgens hom was die aankweek van vaderlandsliefde en die hooghou van die erfenisse en ons voorouers belangrike doelstellings en daarby as lewensdoel die voorbereiding om aandeel in die lewe en werk van die nasie te neem. Daardeur sou die jeug gelei word tot 'n werksame aandeel in die groter kultuurwêreld „waartoe juis ons burgerskap van 'n eie beskaafde staat ons toegang verleen.”

Hoe het prof. Edgar<sup>12</sup> die waardes en doelstellings van geskiedenis-onderrig gesien en daarop sy handboek gebaseer?

Volgens sy oortuiging was die studie van die geskiedenis van Suid-Afrika op sigself beskou „miskien nie 'n besonder ontwikkelende studie” nie, maar in samehang met die wêreldgeskiedenis was dit wel die geval. Vir hom was die studie van die groei en karakter van die Britse ryk en die faktore wat daarop en op die ontwikkeling van Suid-Afrika ingewerk het belangrik aangesien dit tot 'n wyer verstandelike blik en hoër en intelligenter vaderlandsliefde sou lei. 'n Mate van kennis van sekere gedeeltes van die geskiedenis van die Europese vasteland sou tot dieselfde resultaat lei, aldus prof. Edgar.

Die skrywers van *History for the Cape Senior Certificate*, mnre. C. de K. Fowler en G. J. J. Smit,<sup>13</sup> het beklemtoon dat hulle gepoog het om uitgespreek dat leerlinge opgevoed sal word om 'n wyer en intelligente belangstelling ten opsigte van studie van sake van die dag („current „an impartial interpretation of the facts” te gee. Hulle het ook die hoop

9. In: *Our place in history. A comparative history of South Africa in relation to other countries*, Kaapstad, 1915, inleiding, bl. v.

10. Idem, bl. vii.

11. In: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Stellenbosch, 1928, deel 1, voorwoord, verspreide bladsye.

12. J. Edgar: *Maskew Miller se geskiedenis vir Junior Sertifikaat*, deel A, Kaapstad, s.j. Voorwoord.

13. Kaapstad, 1956. Voorwoord.

problems") aan die dag te lê en vir hulleself „the reasons for the existence of divergent opinions” uit te pluus.

Ten slotte 'n paar standpunte soos ingeneem deur 'n tweetal Transvaalse skrywers van handboeke, te wete mnr. A. N. Boyce en prof. dr. F. A. van Jaarsveld. Eersgenoemde het in sy *Europe and South Africa. A History of the Period 1815-1839*<sup>14</sup> sy vernaamste bronne genoem en o.m. in sy voorwoord verklaar: „I have endeavoured to use the most reliable and recent historical works. I have also tried to be as fair as possible.”

Prof. Van Jaarsveld het ook sy standpunt t.o.v. sy sienswyses in sy werk neergelê. Hy het o.m. verklaar dat Suid-Afrika 'n ondeelbare eenheid is, dat hy geen poging aangewend het om 'n leerboek uit 'n Engelse of Afrikaanse standpunt te skryf nie en dat hy van mening is dat elke bevolkingsgroep, blank en nie-blank, sy regmatige plek in die geskiedenis van die opbou van Suid-Afrika moet inneem.<sup>15</sup>

##### 5. *Standpunt en vooroordele*

Standpunte kan soms oorgaan tot vooroordele sonder dat skrywers hulle daarvan bewus is en sonder dat dit hulle aan 'n diepgewortelde gevoel vir onpartydigheid ontbreek. Die meeste skrywers slaag nie daarin om hulle heeltemal los te maak van denkwyses en denkgewoontes nie wat hulle gedurende hulle lewensjare ontwikkel het.

Hierdie feit is tydens die afgelope jare weer beklemtoon by geleentheid van 'n aantal konferensies wat deur die Raad van Europa gereël is i.v.m. ondersoek en besprekings aangaande geskiedenis-skoolboeke. En bogenoemde uitspraak is gebaseer op die bestudering van 900 verskillende handboeke wat in verskillende lande van Europa vir geskiedenisonderrig gebruik word.<sup>16</sup>

Die verslaggewers aangaande dié boeke het verder verklaar:

(i) Vooroordele in skoolboeke spruit meestal voort uit weglatings of misleidende verskille t.o.v. die terminologie.

(ii) In die boeke is selde weloorwoë propaganda of onjuiste voorstellings van aangeleenthede in belang van nasionale-, politieke-, maatskaplike of godsdienstige ideale aangetref deur 'n partydige keuse uit die feite te doen.

(iii) Spore is aangetref van groepsvooroordele t.o.v. sekere nasies. Wantroue t.o.v. sekere stromings soos die imperialisme en kolonisasie is oorgeplant in die handboeke, terwyl vooroordele in die vorm van ongelyke behandeling ook aan die lig gekom het.

14. Kaapstad, s.j. (tweede druk).

Jammer genoeg gee die skrywers van *Geskiedenis vir die Senior Sertifikaat, Transvaalse leerplan* (drs. A. G. Coetsee en J. C. Otto, mnr. A. G. Roodt). Kaapstad, s.j., nie in 'n voorwoord standpunte of doelstellings weer nie.

15. *Geïllustreerde Geskiedenis vir Senior Sertifikaat. Sts. IX en X*, Johannesburg, 1959, bl. 251-255. Kyk onder 4.

16. Beskryf in E. Bruley en E. H. Dance: *Een geschiedenis van Europa?* Leiden, 1961, verspreide bladsye.

Vir ons as geskiedkundiges, skrywers van handboeke en vakonderwysers is dié bevindings oor die algemeen bemoedigend, veral waar daar beklemtoon is dat die meeste skrywers moeite gedoen het om objektief te wees, dat gebrek aan partydigheid meestal onbewus is!

Op grond van ons bestudering van die inhoud en vormgewing van die jongste vrugte van die skrywers van handboeke vir geskiedenis in ons middelbare skole kan ons met vrymoedigheid verklaar dat ook in ons hedendaagse handboeke geen spore van opsetlike verdraaiing voorkom nie, dat vooroordele meestal onbewus voortvloei uit denkwyses en denkgewoontes wat by skrywers in die loop van die jare gegroei en gekristaliseer het.

#### 6. *Hoe om die ideale toestand doeltreffender te probeer benader*

Die onvolmaaktheid van die mens sal ook waar dit sy voortbrengsels betref, dié stempel bly dra! Bitsige polemieke in die pers, vakblaaie of tydskrifte sal, waar dit punte van verskillende beskouings betref, hoegenaamd geen vrugte dra nie. Daar is 'n behoefte aan samewerking, aan 'n opregtheid van gees en gedagte om deur die wetenskaplike gesprek standpunte en bewuste vooroordele te bespreek en te probeer om 'n oplossing te vind!

In dié verband kan ons die vraag stel: „Does the history of the fatherland belong more to one section than to the other?”<sup>17</sup> kan ons ons gedagtes laat gaan oor die behoefte aan eenheid en eensgesindheid, gegrondves op eenheid in verskeidenheid, m.a.w. dat elkeen homself ten volle moet wees en dat elkeen die ander ten volle gelykwaardig met homself ag. Op dié wyse sal daar tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in ons gemeenskaplike vaderland, ook wat die beoefening van die geskiedenis betref, 'n gemeenskaplike doelgerigheid groei as draers van die Westerse kultuur op ons gemeenskaplike bodem.<sup>18</sup>

In hierdie lig beskou kan ons dan ook tot rustige gedagtewisseling kom of ons handboeke o.m. voldoende aandag wy aan die betekenis van die Britse Setlaars in die Oostelike Provinsie, of ons die botsing tussen 'n gedeelte van die Uitlanders en die Republikeinse regering korrek vertolk, of ons voldoende aandag wy aan die kultuurhistoriese en ekonomiese<sup>19</sup> aspekte in ons geskiedenis en of, met die oog op die toekoms, ons

17. F. A. van Jaarsveld in: *Dangers latent in the teaching of History in The Transvaal Educational News*, Johannesburg, Februarie 1963.

18. G. Cronjé: *'n Sosio'ogiese beskouing oor die Westerse kultuurproblematiek in Suid-Afrika* in *Hertzog-Annale*, Pretoria, 1963, jg. 12, nr. 16, bl. 26.

H. Baudet het in sy rede *Historie en menselijke verhoudingen*, Assen, 1956, as die taak van die geskiedenis verklaar dat geskiedenis sy eie pad moet volg wat telkens weer van die vallei van noukeurige metodiese-kritiese detailarbeid „naar de toppen voert, der algemene vergezichten op het menselijk leven; dat is naar eenheid, naar samenhang, naar synthese”.

19. Kyk: *Die eerste honderd jaar van die Standard Bank* deur J. A. Henry, Kaapstad, 1963, o.m. i.v.m. die voormalige Kaapkolonie en die Zuid-Afrikaansche Republiek, Suid-Afrika tot 1952 en ook die gebied ten noorde van S.A. Dis alles gesien binne die raamwerk van een finansiële instelling, maar ongetwyfeld 'n aanbevelingswaardige aanwinst wat navolging verdien.

nie meer aandag behoort te wy nie aan ons kontemporêre vaderlandse- en wêreldgeskiedenis.

Ons het hierdie beskouings begin met 'n taamlke somber uitspraak van Huizinga oor die waarde van die geskiedenis, soos verwerk in ons handboeke. Laat ons met 'n opgewekter aanhaling van dieselfde skrywer eindig: „Ons eeu het in die geskiedenis 'n kosbare erfgoed van 'die vorige te bewaar en uit te bou. Ons eeu het daartoe die middels, ryker en beter as enige vroeëre tyd. Ons eeu het die gawes van verstand en insig daartoe. Mag dit ons eeu, om die beoefening van die geskiedenis op peil te hou en op 'n nog hoër peil te bring nie ontbreek aan wat nog onmisbaar is as die tegniese middels en die heldere verstand nie: aan die opregte wil en aan die suiwere gees!”<sup>20</sup>

En met betrekking tot ons navorsers waarop ons as vakonderwysers so dikwels moet staatmaak, geld nog steeds die volgende gedagte, twintig jaar gelede deur prof. dr. H. B. Thom uitgespreek: „As ons historiese navorsers in eerlikheid en opregtheid ywerig hul werk doen, kan hulle die volk geestelik help voed, en 'n besadigde invloed uitoefen. Hulle kan ook boumeesters wees, om te help om uit die brokstukke van die hede die groot en hegte eenheid van die toekoms op te bou.”<sup>21</sup>

### 7. Die onderwyser se taak bly uitermate belangrik

Ten slotte nog 'n paar woorde oor die onderwyser, die spil waaromheen — ookal indien ons oor die beste vakhandboeke beskik — soveel bly en sal bly draai! „Alles kan uitstekend bedink en bepaal en goed beplan wees, maar as dit in duie stort waar dit moet kulmineer by die onderwyser in die klaskamer en in die hart en lewe van die kind — dan is alles tevergeefs”,<sup>22</sup> aldus prof. dr. G. Jordaan.

By alle vakonderrig — en dit geld vanselfsprekend ook vir die onderrig in geskiedenis — bly die onderwysers die sleutelfigure, die deurslaggewende, die beslissende faktor!

Mag hulle ryklik geseën word met die krag, die oortuiging, die kennis en die besieling wat noodsaaklik is om van alle onderrig 'n sukses te maak!

Dr. J. Ploeger.

20. In: *Prof. Dr. Johan Huizinga. Gedachten en Beelden uit zijn werk*, deur H. A. Enno van Gelder, Utrecht, 1947, bl. 192-193 (vertaal).

21. *Die huidige staak van historiese navorsing in Suid-Afrika* in *Die Stellenbosch Oudstudent*, Stellenbosch, 1943, deel xii, nr. 1, bl. 18.

22. In: *Onderwysblad*, Johannesburg, Nov. 1963, nr. 769, deel LXX, waarin *Belegging in mensemateriaal*, bl. 287 e.v.